



Interpretasie van die metafoor “saam met Christus gekruisig” (Gal. 2:15-21)

J.P. Malan & J.J. Janse van Rensburg
Skool vir Bybelwetenskappe & Antieke Tale
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: japiemalan@evander.co.za
Fika.JanseVanRensburg@nwu.ac.za

Abstract

Interpretation of the metaphor “being crucified with Christ” (Gal. 2:15-21)

This article attempts to interpret the metaphor $\chi\rho\iota\sigma\tau\hat{\omega}\sigma\upsilon\nu\epsilon\sigma\tau\alpha\acute{\upsilon}\rho\omega\mu\alpha\iota$ (“I am being crucified with Christ”) in Galatians 2:15-21 in a valid way, and to determine the meaning the metaphor has for the life of the believer. First of all it is determined what a metaphor is and then guidelines for the interpretation of a metaphor are given. These guidelines are then applied to the “being crucified with”-metaphor in Galatians 2:15-21. The conclusion is that the metaphor indicates that the believer has died with Christ. This public identification with Christ had the result that the new Christian was rejected by his/her former friends, family and society in general. It means to die off from that which the believer was used to. The result is that the law and sin no longer have any hold on the life of the believer. The outcome is that the centre for the believer is no more “I” but God.

Opsomming

Interpretasie van die metafoor “saam met Christus gekruisig” (Gal 2:15-21)

Hierdie artikel poog om die metafoor $\chi\rho\iota\sigma\tau\hat{\omega}\sigma\upsilon\nu\epsilon\sigma\tau\alpha\acute{\upsilon}\rho\omega\mu\alpha\iota$ (“ek is saam met Christus gekruisig”) in Galasiërs 2:15-21 geldig te interpreteer, en te bepaal watter betekenis die metafoor vir die lewe van die gelowige het. Eerstens word bepaal wat 'n metafoor is en daarna word riglyne vir die interpretasie van 'n metafoor gegee. Hierdie riglyne word op die “saamgekruisig”-metafoor in Galasiërs 2:15-21 toegepas. Die sterwe vind plaas

wanneer 'n persoon tot geloof in Christus kom. Hierdie "sterwe" beteken om te sterf aan dit waaraan die gelowige gewoon was. Die gevolg hiervan is dat die wet en die sonde geen houvas meer op die gelowige het nie. Die gelowige lewe nie meer nie, maar Christus lewe in hom en deur hom. Die uiteinde is dat die middelpunt vir die gelowige nie meer "ek" is nie, maar God.

1. Inleiding

Die probleemstelling van hierdie artikel is om die metafoor *Χριστῷ συνεσταύρωμαι* (*ek is saam met Christus gekruisig*) in Galasiërs 2:15-21 geldig te interpreteer en om te bepaal watter betekenis die metafoor vandag het, vir die lewe van die gelowige.

Eerstens word bepaal wat 'n metafoor is en riglyne word neergelê vir die interpretasie van 'n metafoor. Dié riglyne word dan toegepas op die metafoor, *saam met Christus gekruisig*, in Galasiërs 2:15-21. Die grammaties-historiese eksegetiese metode word gevolg, soos voorgestel deur De Klerk en Van Rensburg (2005).

2. Die verstaan van 'n metafoor

2.1 Definisie van 'n metafoor

'n Metafoor word as twee woorde of beelde of semantiese velde beskou wat op 'n onverwagse en selfs ongepaste manier gekoppel is om 'n vergelyking te vorm met semantiese implikasies (Hays, 2004; Van der Watt, 2000:6; Goede, 2004:6-21). Die woorde se betekenis bly behoue, maar die kombinasie veroorsaak 'n nuwe betekenis; hierdie "nuwe betekenis" is die boodskap van die metafoor. Die woorde of beelde of semantiese velde, toon nou 'n verwantskap wat nie vroeër só na vore gekom het nie; juis hierin lê die onverwagsheid van die koppeling. 'n Metafoor is verder 'n beknopte vergelyking, waar die woorde wat 'n vergelyking merk (bv. soos), nie gebruik word nie. Die onderstaande voorbeeld illustreer die verskil:

- Metafoor: Die Here is 'n veilige vesting.
- Vergelyking: Die Here is soos 'n veilige vesting.

2.2 Die doel met die gebruik van metafore

Metafore kan om 'n verskeidenheid redes gebruik word. Hiervan is die volgende die belangrikste:¹

- *Duidelikmaker*: Metafore word gebruik om 'n saak wat aan ander geleer word, met 'n beeld te verduidelik. Die “beeld” bewerkstellig vinnige begrip van dit wat gekommunikeer word, sonder om lang verduidelikings te gee (Van der Watt, 2000:140). 'n Goeie voorbeeld is waar Jesus die konsep van “die koninkryk van die hemel” metafories verduidelik met die skat in die saailand (Matt. 13:44-45).
- *Aandaggryper*: Die metafoor gryp en behou die aandag van die leser/hoorder, omdat dit wat gekommunikeer word, op 'n onverwagse nuwe manier gebeur. Die twee sake wat in die metafoor verbind word, is vir die leser/hoorder nûut. Só verander metafore bestaande persepsies (Hays, 2004). 'n Voorbeeld hiervan is toe Jesus sê: “My liggaam is die ware voedsel, en my bloed is die ware drank” (Joh. 6:55).
- *Emosie-opwekker*: Die metafoor wek 'n bepaalde emosie by die hoorder/leser op. Dit kan aanstoot gee (en lei tot verwerping; Joh. 6:60), of dit kan die leser/hoorder se lewe en/of persepsie van die onderhawige saak verander (Joh. 6:68; Hays, 2004).
- *Geheuekruk*: Vanweë die varsheid van die wyse waarop die boodskap gekommunikeer word, skerp die metafoor dié boodskap sodanig in, dat dit nie maklik vergeet word nie.

'n Metafoor verbind dus twee begrippe op 'n ongewone wyse aan mekaar. Dit gebeur op só 'n manier dat die hoorder/leser dit as onverwags ervaar en hom/haar bring tot 'n nuwe verstaan van die gekommunikeerde saak. Op dié manier word die gekommunikeerde saak duidelik en dwing dit die hoorder/leser tot 'n keuse.

2.3 Die ontleding en verstaan van 'n metafoor

Die metafoor is in 'n sekere opsig 'n oop teks. Die konteks verleen egter bepaalde beperkings en grense wat die verstaan rig (Van der Watt, 2000:139). Die konteks waarbinne die metafoor gebruik word, moet dus gekonstrueer word om reg te laat geskied aan die be-

1 Ons vind hier aansluiting by Bekker (2002:136-7), wat drie redes aandui vir die gebruik van die metafoor. Ons voeg die vierde rede by, omdat die metafoor lank ná dit gebruik is, onthou sal word – juis omdat dit so onverwags nuut is.

tekenis wat die metafoor vir die eerste hoorders/leerders gehad het. In die geval van die Bybel beteken dit dat die metafore interafhanklik is van die sosiale werklikheid van die Ou Nabye Ooste (Van der Watt, 2000:139). Die agtergrond en die objekte/aktiwiteite, ensovoorts waarna die metafoor verwys, moet deur die interpreteerder verstaan word; eers dan kan die metafoor reg geïnterpreteer word (Van der Watt, 2000:26).

’n Metafoor bestaan gewoonlik uit drie elemente (Bekker, 2002:137):

- *die topiek*² – dit is die werklike persoon/objek/gebeure waaroor gepraat word;
- *die illustrasie*³ – dit is die persoon/objek/gebeure waarmee die topiek geïdentifiseer word;
- *die punt(e) van ooreenkoms (Beelding)*⁴ – dit is die betekenis-komponente wat die topiek en die illustrasie in gemeen het.

’n Goeie toets vir die geldigheid van die interpretasie van die metafoor, is om ná die ontleding, die metafoor te herskryf in nie-figuurlike taal. Byvoorbeeld: in die metafoor “Benjamin is ’n wolf wat verskeur” is die verskillende elemente teenwoordig:

- die topiek: Benjamin
- die illustrasie: ’n wolf wat verskeur
- die punt van ooreenkoms: kwaai en verwoestend
- Nie-figuurlike ekwivalent: Benjamin is kwaai en verwoestend

Die boodskap het altyd prioriteit bo die beeld (Van der Watt, 2000:143). Die beeld bly bloot die draer van die boodskap. Die beeld word deur die outeur gebruik net vir sover dit vir die betrokke kommunikasie nodig is; dit hou in dat net sekere aspekte van die beeld toepaslik gemaak word (Van der Watt, 2000:145). Dit bring die grense waarbinne die leser/hoorder die metafoor moet verstaan (Van der Watt, 2000:149). Die metafoor is dus nie ’n volledig óóp

2 Goede (2007:14) en Van Der Watt (2000:18) gebruik die term *fokus*. Die twee terme is baie naby aan mekaar en is ewe bruikbaar.

3 Goede (2007:14) en Van Der Watt (2000:18) gebruik die term *raamwerk* en *medium*. Die term *illustrasie* is egter meer beskrywend en dui aan waarmee die topiek geïllustreer word.

4 Vgl. Goede (2007:14) en Van Der Watt (2000:18).

teks nie. Die skrywer gebruik die letterlike beeld om as 't ware die hoorder in te lei in nuwe en dieper waarhede van (byvoorbeeld) die geestelike lewe, of om konsepte te verduidelik wat nie volledig verstaan word nie.

3. Die konteks van die “saam met Christus gekruisig”-metafoor

3.1 Die tekstuele konteks van Galasiërs 2:19

3.1.1 Afbakening van die perikoop

Galasiërs 2:19⁵ is deel van die perikoop Galasiërs 2:11-21 wat op sy beurt deel vorm van die groter eenheid Galasiërs 1:11-2:21. Galasiërs 2:11-21 bevat Paulus se weergawe van die gebeure by Antiochië. Die onderdeel 2:15-21 is 'n opsomming en konklusie van Paulus se argumentasie in die hele deel 1:11-2:21. Paulus stel dat hy vasstaan by die ware evangelie teenoor die vermenging van die evangelie met die vereiste dat die wet onderhou moet word as voorwaarde vir redding.

3.1.2 Die plek en funksie van Galasiërs 2:15-21 in die brief

Daar is 'n duidelike verbinding ὅτε δε (“maar toe”) in 2:11 wat die begin van 'n nuwe onderdeel merk. Die *ad quem* van die perikoop word ook duidelik gemerk, naamlik die uitroep ὦ ἀνόητοι Γαλάται (“O, onverstandige Galasiërs”) in 3:1. Hierdeur word die begin van 'n nuwe onderdeel by 3:1 gemerk. Die homogene inhoud van 2:11-21 wys ook duidelik dat hierdie verse inderdaad 'n perikoop vorm. Op sy beurt kan 2:15-21 as 'n verdere onderdeel onderskei word, omdat Paulus in hierdie verse 'n opsomming gee van dit wat hy in die voorafgaande bespreek het.

5 ἐγὼ γὰρ διὰ νόμου νόμῳ ἀπέθανον, ἵνα θεῷ ζήσω. Χριστῷ συνεσταύρωμαι (“Maar wat my betref, deur die wet is ek vir die wet dood sodat ek vir God kan lewe: ek is saam met Christus gekruisig”; Nuwe Afrikaanse Vertaling, 1992).

Die plek van 1:11-2:21 blyk uit die onderstaande voorstelling van die opbou van die Galasiërbrief:

Briefinleiding

Gal. 1:1-5 Afsender, ontvangers en seëngroet

Aanloop tot die hoofbetoog

Gal. 1:6-10 Daar is geen ander evangelie nie

Hoofbetoog in drie dele

Hoofbetoog 1:	1:11-2:21 Paulus se evangelie is nie deur 'n mens uitgedink nie
Hoofbetoog 2:	3:1-4:31 Vryspraak deur die geloof uit verskillende hoeke verdedig
Hoofbetoog 3:	5:1-6:10 Die nuwe lewe deur die Gees


Afloop van die hoofbetoog

Gal. 6:11-17 Laaste opmerkings en waarskuwings

Briefafsluiting

Gal. 6:18 Seëngroet

Die gedeelte 2:15-21 maak deel uit van “Hoofbetoog 1” (1:11- 2:21). Die plek van 2:15-21 binne die geheel van 1:11-2:21 is duidelik uit die volgende voorstelling:⁶



⁶ In aansluiting by die retoriese ontleding van Tolmie (2004:51-97). Tolmie beskou egter nie 2:11-21 as 'n eenheid nie. Bruce (2002:57) beskou 2:15-21 as deel van die volgende hoofbetoog; daar is egter nie motivering daarvoor nie. Lategan (1984:112) en Van Rensburg (2004:1531) kies ook vir 2:15-21 as 'n eenheid, en wel ook as 'n opsomming.

3.1.3 Die genre van Galasiërs 2:15-21

Die brief aan Galasiërs vertoon die kenmerkende eienskappe van die Pauliniese briefvorm (Lategan, 1984:98). Paulus pas die Hellenistiese indeling (briefopening, briefliggaam en briefslot) egter vrylik aan om sy behoeftes en doelwitte te pas, en daarom is dit ongeldig om met 'n bepaalde voorafgeformuleerde raamwerk na die teks te gaan en dit as 't ware op die teks af te forseer. Die teks moet eerder self die konseptuele kategorieë waardeur die data verklaar moet word, daarstel (Tolmie, 2000:353).⁷

Paulus begin deur die argument op die gebeure in Antiochië te fokus; die Galasiërs is as 't ware toeskouers van die verskilpunt tussen Paulus en Petrus. Op 'n stadium kom die Galasiërs egter agter dat hulle rol verander het en dat hulle by die argument ingetrek is. Die fokus het iewers, moeilik om akkuraat te lokaliseer, verander van die gebeure in Antiochië na die kwessie in Galasië (Tolmie, 2000:365-366).⁸

Die doel van dié gedeelte is dat Paulus aandui hoe sy opponente afwyk van die algemeen-aanvaarde Christelike en selfs Joodse tradisie, en hulle daarteen verset (Tolmie, 2000:368). Hy wil dit regstel deur te wys hoe hy vir die waarheid opstaan, al het dit beteken dat hy een van die "pilare", Petrus, in die openbaar moes opponeer. Paulus gaan dan verder deur die evangelie duidelik te maak: dat redding nie deur die werke is nie, maar deur die geloof alleen. In die res van die brief bou hy hierdie argument dan verder uit.

3.1.4 Die grondteks van Galasiërs 2:15-21

Vir doeleindes van hierdie artikel word die UBS-teks (2001) gebruik. Met die teks van Galasiërs is daar weinig probleme, omdat p. 46 en die tweede Chester Beatty-papirus, wat ongeveer 200 n.C. gedateer word, feitlik die volledige teks van die brief bevat. In die majuskels kom die brief in die belangrikste manuskripte voor, soos *Codex Sinaiticus*, A, B, C en D (Lategan, 1984:108).


7 Tolmie (2000:353) verwys hierna as die "grounded theoretical approach".


8 Martyn (1998:246) dui die oorgang aan as tussen 2:16 en 2:17.


Die enkele variante (3) wat daar wel in die perikoop is, dra die A-gradering. Daar is dus nie rede vir verdere tekskritiese verantwoording ten opsigte van die grondteks nie (vgl. De Klerk & Janse van Rensburg, 2005:23).

3.1.5 Die gedagte-opbou van Galasiërs 2:15-21


Die ontleding van die gedagte-opbou van Galasiërs 2:15-19 op mikrovlak, gedoen volgens die metode van De Klerk en Janse van Rensburg (2005:34-48), is soos volg:








20



21



Die gedagte-opbou op makrovlak kan soos volg weergegee word:

Basiese konkluderende stelling:

2:15 Ons is Jode van geboorte en nie sondaars uit die heidene nie

Die eerste konsekwensie dat ons as Jode gebore is:
Ons weet dat vryspraak uit die geloof en nie uit die werke is nie

2:16a En tog weet ons dat 'n mens nie van sonde vrygespreek word deur die wet van Moses te onderhou nie. Maar alleen deur in Jesus Christus te glo

Die tweede konsekwensie dat ons as Jode gebore is:
Ons het tot *vryspraak* gekom nie deur die wet te onderhou nie

2:16b Ook ons het tot die geloof in Christus Jesus gekom, en dit is hoe ons vrygespreek is: deur in Christus te glo en nie deur die wet te onderhou nie, want geen mens word vrygespreek op grond daarvan dat hy die wet onderhou

Die derde konsekwensie dat ons as Jode gebore is:
Ons het *gevind* Christus is nie dienaar van die sonde nie al is ons ook sondaars

2:17 As uit ons soeke na vryspraak in Christus geblyk het dat ons ook sondaars is, beteken dit dan dat Christus in diens van die sonde staan? Beslis nie!

Die gevolg van die sterwe met Christus:
Ek (ons) kan *nie weer opbou* wat ons afgebreek het nie

2:18 Maar as ek die bepalings van die wet wat ek nietig verklaar het, weer laat geld, dan maak ek myself daarmee tot 'n oortreder.

Die vierde konsekwensie dat ons as Jode gebore is (klimaks):

Ek (ons) *is dood* en Christus *lewe* nou in my (ons)

2:19-20 Maar wat my betref, deur die wet is ek vir die wet dood sodat ek vir God kan lewe: ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.

Die gevolgtrekking: Christus het nie verniet gesterf nie:

Ek (ons) *verwerp nie* die genade van Christus nie

2:21 Ek verwerp nie die genade van God nie. As 'n mens vrygespreek kon word op grond daarvan dat hy die wet onderhou, sou dit immers beteken dat Christus verniet gesterwe het.

3.1.6 Die vertaling van Galasiërs 2:15-21

Die 1983-Afrikaanse vertaling word as uitgangspunt vir 'n geldige dinamies-ekwivalente vertaling van hierdie perikoop geneem. Ons oordeel egter dat die volgende verbeterings nodig is:

- Galasiërs 2:15: Die 1983-Afrikaanse vertaling vertaal ἐξ ἔθνων (“uit nasies”) as “uit die heidene”. Om dit weer te gee met “uit die nie-Jode” is egter beter, want Paulus dui hiermee spesifiek dié aan wat nie deel van Judaïsme is nie.⁹
- Galasiërs 2:16: Die 1983-Afrikaanse vertaling vertaal νόμου (wet) as “wet van Moses”. Bloot “wet” is beter, want die wet wat hier ter sprake is, is wyer as net die wet van Moses. Die wet verwys hier waarskynlik na die wet van God wat toegepas en geïnterpreteer word as 'n legalistiese sisteem (Burton, 1921:132) en die wet wat heilig van onheilig skei, Jood van nie-Jood (Martyn, 1998:256).

9 Louw en Nida (1988a): Semantiese velde 11.37 en 11.55.

- Galasiërs 2:20 Die 1983-Afrikaanse vertaling vertaal ἐν σαρκί (*in [die] vlees*) as “nog hier”. Om dit weer te gee met “as mens” sal nog beter reg laat geskied aan die woord in dié konteks.

3.2 Die sosiohistoriese konteks van Galasiërs 2:19

3.2.1 Inleiding

Die kerk het in die tyd toe die brief geskryf is, 'n oorgang vanuit die Joodse milieu na 'n nie-Joodse milieu beleef namate al meer gelowiges uit die nie-Joodse nasies tot gemeentes toegevoeg is (Van Rensburg, 2004:1530). Dit het die kerk gedwing om rekenskap te gee van die minimum voorwaardes vir die toetrede tot die Christelike gemeenskap (Lategan, 1984:96). Die kerk het nie meer die onderhouding van die wet vereis nie, wat tot gevolg gehad het dat die skeiding tussen kerk en sinagoge al groter geword het. Dit het ook weerstand van die Judaïseerders¹⁰ teen die gelowiges laat ontstaan. Die Judaïseerders was van mening dat die nakoming van die Joodse wette en gebruike steeds noodsaaklik was. Aan die ander kant was daar verwarring by die gelowiges oor wat die Christelike vryheid in praktyk inhou (Lategan, 1984:96).

Die doel van die Galasiërbrief is om duidelike leiding oor albei die sake te gee: Paulus verduidelik dat God vryspraak deur die geloof gee, en dat vryspraak nie deur die onderhouding van die wet kom nie; hiermee saam spel hy ook uit wat die implikasies van die nuwe lewe deur die Gees is (Van Rensburg, 2004:1530).

3.2.2 Skrywer en ontstaanstyd

Die Pauliniese outeurskap van Galasiërs word deur min navorsers betwis; daar word algemeen aanvaar dat Paulus die outeur is, soos Galasiërs 1:1 dit aandui.¹¹ Dit is 'n uitspraak wat ook nie deur die vroeë kerk betwyfel is nie (Lategan, 1984:98).

10 Dunn (1983:25) dui die Judaïseerders aan as dié wat vra *that the law ought to be kept in a more strictly Jewish fashion*.

11 Vir die verskeie standpunte oor die outeurskap van Paulus, vgl. Burton (1921:lxv-lxxi). Daarin word ook die standpunte weerlê wat die “Tübingen Skool”, onder leiding van F.C. Bauer en sy studente gehad het. Hulle het die outeurskap ontken, omdat hulle die brief se ontstaan geplaas het ná die middel van die tweede eeu. Longenecker (1990:lvii-lxi) gee ook 'n volledige beskrywing. Dié bronne hanteer die saak volledig en daarom word daar volstaan met hierdie verwysings.

Die algemene konsensus is dat Paulus die Galasiërbrief waarskynlik iewers tussen 50-55 n.C. geskryf het. Die een moontlikheid is ongeveer 50-52 n.C. uit Korinte, aan die einde van sy tweede sendingreis (indien aanvaar word dat die Suid-Galasiërs die ontvangers is), en die ander moontlikheid is ongeveer 52-55 n.C. uit Efese (indien die Noord-Galasiërs as die ontvangers beskou word) (Du Toit, 1984:35).¹²

3.2.3 Eerste lesers

Paulus skryf die brief aan nie-Jode (Gal. 4:8) wat verspreid oor Klein-Asië woon. Hulle was by 'n vroeëre geleentheid onder Paulus se bediening (Gal. 3:1; 4:13-15), iewers in die laat veertigerjare van die eerste eeu na Christus. Die bediening van Paulus het baie vir hulle beteken en hulle het ervarings met die Heilige Gees gehad wat hulle lank bygebly het (Gal. 3:2-5).

Die keuse tussen die teorie van die provinsie en die landstreek is baie moeilik, want vir elke argument is daar 'n teenargument. Die feit dat die werk in die provinsie egter so volledig deur Handelingte beskryf word, laat die skaal effens in die guns van die provinsie-teorie swaai (Lategan, 1984:100).¹³

3.2.4 Paulus se teenstanders in Galasië

Paulus het ná sy aanvanklike bediening onder die Galasiërs voortgegaan met sy sendingreise. Daar het toe 'n groep Joodse Christen-evangeliste gekom, wat 'n ander evangelie (Gal. 1:6) as Paulus verkondig het (Longenecker, 2003:64). Paulus beskou hierdie mense as moeilikheidmakers, mense met onsuiver motiewe wat die gemeente verwar (Gal. 1:7; 4:17; 5:10). Volgens hom is hierdie leer 'n bedreiging vir die hart van die evangelie. Die dwaalleraars se aandrang op die besnydenis en die onderhouding van die wet het verwarring in die gemeente veroorsaak. Die opponente het die gemeente binnegedring onder vals voorwendsels; hulle was gelowiges wie se integriteit onder verdenking is (Lategan, 1984:102). Die manier waarop Paulus die vryheid wat deur die evangelie bewerk is,

12 Vir die onderskeid tussen Suid- en Noord-Galasië, vergelyk 3.2.3 hieronder.

13 Vir 'n volledige bespreking van die onderskeie teorieë, kyk byvoorbeeld George (1994:40-46), Longenecker (1990:lxiii-lxviii), Bruce (1982:5-10) en Betz (1979:1-3).

verstaan het, het hulle nie aangestaan nie. Hulle het geëis dat die Christene die wet steeds moes onderhou. ¹⁴

Die moeilikheidmakers was dus opponente van Joodse herkoms en hulle het daarop aangedring dat die gelowiges in Galasië die besnydenis en sekere ander Joodse wette moet onderhou, ondanks die werksverdeling en mandaat waarop in Jerusalem ooreengekom is (Gal. 2:7, 9).¹⁵ Paulus redeneer teologies met hulle dat die onderhouding van die wet sal lei tot slawerny aan die sonde. Hy wys daarop dat die aanvaarding van die besnydenis daartoe sal moet lei dat die hele wet onderhou word.

4. Die oorsprong van die “saam met Jesus gekruisig”-metafoor

Dit is onmoontlik om aan die “saam met Jesus gekruisig”-metafoor ten volle reg te laat geskied, sonder om aan Christus se fisiese kruisdood aandag te gee. Eweneens is dit onmoontlik om aan die fisiese kruisdood te dink asof bloot dít die betekenis van die metafoor ten volle weergee (Morris, 1966:14).

Die kruisdood het die veroordeelde van alle menswaardigheid ontnem, want die kruisdood is gereserveer vir die laagste klasse van die samelewing en die ergste kriminele oortreders (Hengel, 1977:33). Die Rabbi's het dit verbind met Deuteronomium 21:22-23, waar gestel word dat die kruiseling deur God vervloek is. Sonder klere, kaal, en vir almal om te aanskou en mee te spot, het die kruiseling daar gehang. Hulpeloos en vasgespyker, met die seker vooruitsig van die dood, sonder die moontlikheid van redding of begenadiging, het die veroordeelde daar gehang. Die dood kon genadiglik binne 'n paar ure intree, maar dikwels selfs eers ná twee of drie dae van intense lyding.¹⁶

14 Vir 'n profiel van die moeilikheidmakers, vgl. Longenecker (2004:64-66), Betz (1979:8-9) en Lategan (1984:103).

15 As gevolg van die druk van die Romeine en die swak goewerneurs het daar 'n al sterker opwelling van Joodse nasionalisme ontstaan. Die Christene wat die Joodse gebruike nagelaat en soms teengestaan het, was beskou as “volksverraaiers”, en het só een van die teikens van die nasionalistiese beweging geword. Dit is moontlik dat Jakobus en die kerk in Jerusalem onder dié invloed gekom het en die afvaardiging wel gestuur het. Dit kan egter ook 'n groep wees wat op eie inisiatief die besoek onderneem het om die Christene daartoe te oortuig om meer aan die tradisionele gebruike vas te hou ter wille van 'n nasionale volksidentiteit (Dunn, 1983:11).

16 Vir 'n volledige bespreking van die kruisigingspraktyk, kyk Malan (2007:7-19).

Paulus het self die werklikheid van die kruis beleef vandat hy 'n Christen geword het. Hy het die duur stap in die geloof geneem om hom met Christus aan die kruis te vereenselwig, en daarom sal hy nie in sonde volhard nie. Sedert Paulus se ontmoeting met Jesus op die pad na Damaskus en nadat hy sy hele lewe in diens van die gekruisigde Jesus gestel het, het 'n pynlike gaping tussen hom en sy vroeëre bondgenote ontstaan. Hy is al meer geïdentifiseer met die Christelike gemeenskap wat hy vroeër vervolg het. Hy het 'n duur prys betaal vir wat die ander gesien het as 'n afdwaling van die waarheid. Dit blyk duidelik uit Handeling 9 en dit word ook bevestig in sy eie briewe (Kruse, 1992:260-72).¹⁷ Dit was asof hy saam met Christus gesterf het om nou die lewe saam met Hom te lewe.

In gemeenskappe waar godsdiens so nou verweef was in al die aspekte van die daaglikse lewe, sou die Christene wel die vyandigheid van hulle familie en vriende ervaar het. Indien dit die vrede sou versteur, het die owerhede ook betrokke geraak, omdat hulle geoordeel het dat die staatsveiligheid bedreig word (Campbell, 1999:277). Dié wat hulle tot Christus bekeer het, het noodwendig hulle rug gedraai op die gode en gebruike waarmee hulle grootgeword het. Dit is nie gelate deur almal aanvaar nie, want dit is gesien as 'n versteuring en 'n bedreiging van die wel en weë van die gemeenskap. Indien 'n nie-Jood die Joodse geloof aanvaar het, het sodanige proseliet 'n deeglike hersosialisering ondergaan, tot só 'n mate dat 'n mens kan sê dat hy deel van 'n nuwe volk met nuwe gebruike geword het (Barclay, 1996:410). Met Christene wat hulle tot Jesus Christus bekeer het, het dieselfde gebeur. Dit het veroorsaak dat hulle die wind van voor gekry het (vgl. ook Hare, 1967:78).

Die vervolging was dus nie in die eerste plek fisies van aard nie. Dié wat hulle met Jesus vereenselwig het, het 'n groot sosiale en psigologiese prys daarvoor betaal. 'n Mens sou dit kon tipeer as 'n "sterf" aan die wêreld waaraan hulle tot nou toe met gemak deel gehad het en waarin hulle betekenis en sin gevind het (Campbell, 1999:277). Juis daarom kon Paulus maklik die parallel trek tussen hulle as Christene, en Jesus wat in skande aan die kruis gesterf het. Paulus praat dus van "sterf saam met Christus".

Galasiërs 2:19-21 is die hoogtepunt van Paulus se argumentasie waarin hy verduidelik waarom hy nie langer soos 'n Jood kan lewe

17 Die sleutelsake staan in 2 Korintiërs 11:23-33, veral sy verwysing na die vyf keer wat hy 39 houe van die Joodse gesagsdraers ontvang het. Hy sien homself steeds as deel van die Joodse gemeenskap.

en ook nie ander Christene kan dwing om dit te doen nie. In Galasiërs 2:15-16 probeer Paulus grond kry waarom hulle saamstem, naamlik dat die regverdiging deur die geloof is en nie op grond van die werke van die wet nie. Uit Galasiërs 2:17 blyk dit dat daar waarskynlik teenkating teen Paulus se argument was. Dit kan ook wees dat hy die standpunt van Petrus in Antiochië in herinnering roep. Petrus se beswaar was dalk dat indien die onderskeid tussen Jood en nie-Jood opgehef word, hulle as sondaars gebrandmerk kan word, omdat hulle nie die wet onderhou nie (Dunn, 1993:124). Dit sou dan aan Christus 'n slegte naam gee, asof Hy die oorsaak van die sonde is.

Paulus argumenteer dat dit nie Christus is (of dié wat op Hom vertrou) wat die sondaar is nie, maar hulle wat in hulle geloof wankel en swig onder die druk. Die sondaars is juis diegene wat weer die valshede wat afgebreek is, opbou (Gal. 2:18). Paulus argumenteer dat die valshede in die kerk van Antiochië afgebreek was (dieselfde gebeur nou in Galasië), maar onder druk is die valshede weer opgebou. Alhoewel hy die eerste persoon enkelvoud gebruik, verwys hy nie na homself nie maar na Petrus; die “ek” is 'n onpersoonlike “ek”. Paulus sien homself as dood vir die wet en daarom sal en kan hy nie swig voor die druk van die voorstanders van wetsonderhouding nie.

In Galasiërs 2:19 verwys Paulus met die emfatiese ἐγώ na sy persoonlike ervaring: hy het voorheen só onder die wet gelewe; hy het egter nou weggedraai en al die brûe verbrand. Hy is nou lojaal nét aan die Seun van God, Jesus Christus.¹⁸ Sy vorige verhouding met die wet is verby; hy soek nie meer die wet se belonings nie en hy is nie bang vir die straf daarvan nie, want hy is nie meer onder die heerskappy van die wet nie.¹⁹ Hy het gesterf vir die wet, wat so 'n dubbelslagtige optrede soos dié van Petrus en die ander in Antiochië ondenkbaar maak (Campbell, 1999:280).

Paulus vrees nie meer die sensuur van die wet, of die bewakers van die wet nie, en soek ook nie die guns van die wet nie. Die wet het alle mag verloor om 'n vonnis oor Jesus se lewe en oor dié wat met

18 Calvyn (1996:42) sê dat die gelowige vry van die heerskappy van die wet is, tot so 'n mate dat hy geen vertroue daarin het nie en dat dit hom nie meer gevangene hou onder die juk van slawerny nie.

19 Moule (1970:367-75) dui aan dat die datief (νόμῳ) 'n datief is wat verhouding aandui.

Hom identifiseer, uit te spreek. Die ou self, wat gedefinieer is deur die oordeel en goedkeuring van ander, is dood. Paulus lewe nog, maar sy lewe word nou gedefinieer deur die besorgdheid oor wat God se Seun van hom dink. Jesus het nie net gesterf vir Paulus nie, maar ook opgestaan, en Hy lewe in die gelowiges deur die Gees.

Met hierdie konteksskepping, kan die aandag nou verskuif na die metafoor: “saam met Christus gekruisig”.

5. Die elemente van die metafoor “saam met Christus gekruisig”

Die elemente van die “saam met Christus gekruisig”-metafoor, soos teoreties onder 2.3 uiteengesit, kan nou geïdentifiseer word:

- **Topiek:** “Ek”. Paulus verwys hiermee na homself, maar tegelyk is almal in die gemeente van Galasië in hierdie “ek” opgeneem, en per implikasie ook elke gelowige vandag. Paulus gebruik die eerste persoon enkelvoud en dui die volgende aan: die daad van God waar die ou mens sterf, en hierdie persoon nou die identiteit van die eskatologiese mens wat God núút in Christus skep, openbaar (Martyn, 1998:258; McKnight, 2000:279).
- **Illustrasie:** “saam met Christus gekruisig”. Hiermee word twee sake aan mekaar gekoppel wat skok. Dit wil die leser/hoorder tot stilstand ruk en sy hele persepsie verander. Die eie inspanning deur die wet is totaal iets van die verlede. Die leser/hoorder word nou voor die emosionele keuse gestel om om te draai en Jesus te verlaat, of om op ’n totale nuwe manier gehoorsaam te wees.
- **Punte van ooreenkoms:** Soos Christus se lewe in hierdie aardse bedeling verby is, veroordeel deur die wet, só is die gelowige se lewe ook vir hierdie bedeling onder die wet en sonde verby. Hierdie dood is ’n skandelijke, pynlike en uitgerekte dood. Eers wanneer die gelowige bewustelike só sterf, lewe Christus in hom/haar, en kan hy/sy vir God lewe.
- **Nie-figuurlike ekwivalent:** My ou lewe, toe die wet oor my regeer het, is finaal verby. Die lewe onder die wet is vir altyd verby en nou staan ek onder die bevrydende regering van God. Hy het my op grond van Christus se sterwe aan die kruis in my plek, regverdig verklaar. My ou mens is dus saam met Christus aan die kruis dood.

6. Die “saamgekruisig”-metafoor en sy betekenis vir Christene vandag

Teen hierdie agtergrond kan die woorde Χριστῷ συνεσταύρωμαι nou verklaar word. Paulus gebruik hier geen geykte metafoor nie; dit is sy nuutskepping, een wat tot die harte van sy lesers/hoorders sou deurdring en skokgolwe deur hulle sou stuur, aangesien hulle in ’n gemeenskap leef waar hulle baie kruisigings sien en beleef.

Hoe moet ’n mens binne Paulus se metafoor die “plek” van die “saam gekruisig” verstaan? Sekerlik by die eenwording met Jesus deur die geloof. Wanneer die gelowige sy geloof in Christus plaas, word hy één met Hom. Luther (1963:168) sê dat gelowiges deur die geloof vasgesement word in Christus, dat Hy en gelowiges soos één persoon is, wat nie geskei kan word nie, maar vir ewig verenig bly. Deur eenwording is dit vir die gelowiges so goed asof wat aan Christus gedoen is en wat met Hom gebeur het, ook aan hulle gedoen is en met hulle gebeur het.

Presies dít word in die gebeure van die doop versinnebeeld (Bruce, 2002:144). Wanneer Paulus die gelowiges terugverwys na die begin van hulle geloof, doen hy dit deur na die doop te verwys (Gal. 3:26-28). Dit is waar hulle Christus “aangetrek” het (soos ’n mens ’n kledingstuk aantrek); dit is waar hulle die vlees, die natuurlike mens met sy luste en drange, gekruisig het; en dit is waar Paulus homself ook bevind: gekruisig saam met Christus en dood vir die wet (Guthrie, 1981:646). Die finaliteit van die dood het ’n einde gemaak aan die ou orde en ’n skeiding gebring tussen die ou lewe en die nuwe lewe in Christus (Bruce, 2002:144). Die gelowige word deur die metafoor tot die besef geskok: “My doop beteken dat ek bely dat ek saam met Christus gekruisig is; dan kan ek nie maar met my ou lewe aangaan asof niks gebeur het nie! Dan moet my lewe daarvan getuig dat ek ook saam met Christus opgestaan het.”

Hier word nie aan die doop gedink as ’n private seremonie of ’n geestelike gebeure nie, maar ’n gebeure waarvoor ’n prys betaal is, ’n openbare identifisering met die Persoon wat kort tevore deur sy eie mense verwerp is en ’n skandelijke dood gesterf het, vervloek aan die kruis (Gal. 3:13). Só het Paulus se identifisering met Jesus hom in dieselfde posisie geplaas as wat Jesus was. Paulus is in die oë van die starende wêreld gekruisig toe hy in die openbaar homself met Christus geïdentifiseer het. Dit is ’n saak van openbare verwerping en skande (Campbell, 1999:283). Dit het hom nie net self-verloëning gekos nie, maar het ook die verlies van eer, vriend-

skappe en goeie gesindhede ingehou. Daarmee verloor hy sy sosiale identiteit in die gemeenskap. Hiertoë moet die gelowige vandag bereid wees.

Die metafoor koppel die twee konsepte “ek” en “saam gekruisig” met mekaar. Paulus maak dit van toepassing op sy lewe en op die lewe van die gelowiges. Elke gelowige sal dadelik verstaan dat sy “ou” lewe verby is, en dat sy “nuwe” lewe gepaard sal gaan met pynlike vervolging. Dit kon ook vir gelowiges lei tot die letterlike verlies van hulle lewe. Dit het egter ’n besliste einde beteken van hulle lewe soos hulle dit vantevore geken en geniet het. In Paulus se geval beteken om saam met Christus gekruisig te wees, om aan die wet te sterf – dít wat sy vorige lewe in Judaïsme regeer het. Hierdie sterwensmetafoor is integraal deel van die openbaring van God se wil deur Paulus se verkondiging, want dit wys op die imperatief van die nuwe lewe wat deur die opgestane Christus kom (Guthrie, 1981:646).

Gelowiges is met Christus in sy dood verenig. Dit het nie net ’n effek op die innerlike lewe nie, maar ook op die mens se hele persoon en geskiedenis. Hierdie is nie bloot ’n mistieke aangeleentheid nie.²⁰ Die mens kom te staan in ’n verhouding met (“saam met”) Christus (Furnish, 1978:176), waarin hy nou dood is vir sy ou manier van lewe.

Soos wat Christus nou in Paulus leef (ζῆ δὲ ἐν ἐμοὶ Χριστός), leef Hy ook in elke gelowige. Die uitdrukking “Christus leef in my” kan ook beteken “Christus deursuur my”, soos nuwe suurdeeg geleidelik transformerend deur die hele deeg werk. Paulus ervaar hierdie proses in hom en sien dit ook in die lewe van ander (Bligh, 1970:216). Die gelowiges het nie meer ’n eie lewe nie. Die enigste lewe wat ’n gelowige het, is die lewe wat God deur Jesus Christus in hom/haar plaas.

Paulus praat wel in die eerste persoon enkelvoud, maar dit is nie iets wat net van hom geld nie; wat van hom geld, geld van elkeen in Christus. Christus wat gesterf het, word die Skepper van ’n nuwe mensheid deur die gelowige te bevry van die versoeking om die pad van die wet en van eiewilligheid en opstand te kies. Christus is sowel die fondasie as die koepel van die lewe van die geregverdigde mens (Käsemann, 1970:161).

20 Daar is wel ’n mistieke kant aan die eenwording met Christus: dit val buite die mens se verwysingsraamwerk (Bligh, 1970:216).


7. Gevolgtrekking en samevatting

Die boodskap van die saamgekruisigmetafoor is nou duidelik omdat dit geïnterpreteer is volgens die geldige reëls vir die interpretasie van 'n metafoor. Die leefwêreld waaruit die metafoor kom, is gekonstrueer, die elemente van die metafoor is aangedui, en die doel is bepaal, naamlik dat die metafoor die hoorder tot insig in die boodskap skok, sy aandag vasgryp en hom voor 'n duidelike keuse stel.

Skokkend en nuut word die twee sake, “ek” en “saam met Christus gekruisig”, aan mekaar gekoppel. Sám kry dit 'n nuwe betekenis wat 'n radikale nuwe pad vir gelowiges aandui. Paulus wil duidelik stel hoe finaal sy omkeer weg van die werke van die wet is en hoe finaal die omkeer na Christus toe is. Hy kan nie weer die ou “werke van die wet” vir enigiemand voorskryf nie, net soos niemand lewend van die kruis kan afkom nie.

Die hoorders word dus voor die duidelike keuse gestel: draai om en verlaat Christus, of sterf deur die geloof saam met Christus aan die kruis. Die gelowige se eie lewe is totaal verby; slegs die lewe van Christus in hom/haar moet nou gelewe word.

Die boodskap kan skematies soos volg voorgestel word:



Ek het gesterf (1). Dit is nie 'n gewone doodgaan nie maar 'n skandelijke dood aan die kruis, soos Christus gesterf het (2). Ek het gesterf vir die wet, sodat die wet geen krag meer oor my het nie. Die wet het Christus veroordeel en Hy het die prys betaal, sodat die wet nie meer kan veroordeel nie (3 en 4). Ek lewe nie meer nie (5 en 6). Tog lewe ek nog, maar die verskil is dat Christus in my lewe is; dit is moontlik deur die geloof (7, 8 en 9). Dit bring die groot verskil, eers was "ek" in die middelpunt (A); nou is alles egter vir God (B).

Geraadpleegde bronne

- ALAND, B., ALAND, K., BLACK, M., MARTINI, C.M., METZGER, B.M. & WIKGREN, A. 1993. *The Greek New Testament*. 4th ed. Nördlingen: Beck.
- BARCLAY, J.M.G. 1996. *The Jews in the Mediterranean diaspora from Alexander to Trajan (323 BCE-117 CE)*. Edinburgh: Clark.
- BEKKER, JULIA. 2002. The characteristics of poetry. (*In* Wolfvaardt, Bennie, ed. *How to interpret the Bible: a do-it-yourself manual*. Surrey: Bookcraft. p. 127-142.)
- BETZ, HANS DIETER. 1979. *Galatians: a commentary on Paul's letter to the churches in Galatia*. Philadelphia: Fortress.
- BLIGH, JOHN. 1970. *Galatians: a discussion of St. Paul's epistle*. London: St. Paul Publications.
- BRUCE, F.F. 1982. *The epistle to the Galatians: a commentary on the Greek text*. Grand Rapids: Paternoster.
- BURTON, ERNEST DE WITT. 1921. *The epistle to the Galatians: a critical and exegetical commentary*. Edinburgh: Clark.
- BYBEL. 1972. *Die nuwe Afrikaanse vertaling met herformulerings*. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika
- CALVYN, JOHN. 1996. *The epistles of Paul the apostle to Galatians, Ephesians, Philippians and Colossians*. Trans. T.H.L. Parker, ed. David W. and Thomas F. Torrance. Grand Rapids: Eerdmans. (Calvin's New Testament Commentaries.)
- CAMPBELL, ALASTAIR. 1999. Dying with Christ: the origin of a metaphor? (*In* Porter, Stanley E., Cross, R., eds. *Baptism, the New Testament and the church: historical and contemporary studies in honour of R.E.O. White*. Sheffield: Sheffield Academic Press. p. 273-293.)
- DE KLERK, BEN J. & JANSE VAN RENSBURG, FIKA. 2005. *Preekgeboorte: 'n handleiding vir Gereformeerde eksegeese en prediking, toegepas op 1 Petrus 2:11-12, 18-25*. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
- DU TOIT, A.B. 1984. Oriënterende opmerkings oor die pauliniese briefliteratuur. (*In* Du Toit, A.B., red. *Handleiding by die Nuwe Testament*. Vol. V. *Die pauliniese briewe: inleiding en teologie*. Pretoria: NG Kerkboekhandel. p. 1-37.)
- DUNN, J.D.G. 1983. The incident at Antioch (Gal. 2:11-18). *Journal for the study of the New Testament*, 18:3-57.
- DUNN, J.D.G. 1993. *The epistle to the Galatians*. London: Black.

- FURNISH, VICTOR PAUL. 1978. *Theology and ethics in Paul*. Nashville: Parthenon.
- GEORGE, TIMOTHY. 1994. *Galatians*. USA: Broadman & Holman.
- GOEDE, HENNIE. 2004. Die “swakste lede” in Paulus se liggaamsmetafoor: ’n grammaties-historiese studie. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Ongepubliseerde M.-verhandeling.)
- GOEDE, HENNIE. 2007. ’n Toepaslike metafoorteorie vir die ontleding van metafore in die Nuwe Testament. *In die Skriflig*, 41(1):87-108.
- GUTHRIE, DONALD. 1981. *New Testament theology*. Downers: InterVarsity.
- HARE, D.R.A. 1967. *Jewish persecution of Christians in Matthew*. Cambridge: Cambridge University Press.
- HAYS, RICHARD B. 2004. *The moral vision of the New Testament: a contemporary introduction to New Testament ethics*. London: Biddles.
- HENGEL, M. 1977. *Crucifixion in the ancient world and the folly of the message of the cross*. Philadelphia: Fortress.
- KÄSEMANN, ERNST. 1970. Pauline theology of the cross. *Interpretation*, 24:151-177.
- KRUSE, C.G. 1992. The price paid for a ministry among the gentiles: Paul’s persecution at the hands of the Jews. (In Wilkens, M., Paige, T., eds. *Worship, theology and ministry in the Early Church*. Sheffield: JSOT Press. p. 260-272.) (*Journal for the study of the New Testament*. Supplement series, 87.)
- LATEGAN, B.C. 1984. Galasiërs. (In Du Toit, A.B., ed. *Handleiding by die Nuwe Testament*. Volume V: Die pauliniese briewe: inleiding en teologie. Pretoria: NG Kerkboekhandel. p. 95-113.)
- LONGENECKER, RICHARD N. 1990. *Galatians*. Nashville: Thomas Nelson.
- LOUW, J.P. & NIDA, E.A., eds. 1988a. *Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains*. Vol. 1. New York. United Bible Societies.
- LOUW, J.P. & NIDA, E.A., eds. 1988b. *Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains*. Vol. 2. New York. United Bible Societies.
- LUTHER, MARTIN. 1963 [1535]. *Lectures on Galatians*. (In Luther, M. *Luther’s works*. Transl. and ed. by Pelikan Jaroslav. St. Louis: Concordia. p. 154-189.)
- MALAN, J.P. 2007. “Saam met Christus gekruisig” en die etiek in die briewe van Paulus: ’n eksegetiese studie. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Ongepubliseerde M.Th.-skripsie.)
- MARTYN, J. LOUIS. 1998. *Galatians: a new translation with introduction and commentary*. New York: Doubleday.
- McKNIGHT, SCOT. 2000. The ego and “I”: Galatians 2:19 in new perspective. *Word & world*, 20(3):272-280.
- MORRIS, LEON. 1966. The centrality of the cross: the firm conviction of the permanent efficacy of the crucifixion leads Paul to say that he will glory in the cross. *Christianity today*, 10:14-17.
- MOULE, C.F.D. 1970. Death “to sin”, “to the law”, and “to the world”: a note on certain datives. (In *Melanges Bibliques*. Festschrift für R.P. Beda Rigaux. Gembloux: Duculot.)
- TOLMIE, D.F. 2000. Paulus se retoriese strategie in Galasiërs 2:11-21. *Skrif en kerk*, 21:(2):353-370.

- TOLMIE, D.F. 2004. A rhetorical analysis of the letter to the Galatians. Bloemfontein: University of the Free State. (Unpublished thesis.)
- VAN DER WATT, J.G. 2000. Family of the king: dynamics of metaphor in the Gospel to John. Leiden: Brill.
- VAN RENSBURG, FIKA J. 2004. Galasiërs (*In* Van Rensburg, Fika J. & Van der Watt, Jan, *reds.* Bybel, multivertaling: Nuwe Testament. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 1530-1531.)

Kernbegrippe:

Galasiërs 2:15-21
kruisiging
metafoor
saam met Christus gekruisig

Key concepts:

crucifixion
crucified with Christ
Galatians 2:15-21
metaphor